UITGAWE 31/2011

11 September 2011

IEDERARK

Ds Willem Louw
(018) 294 8197
082 340 7549

Ds Okkie Cilliers
(018) 297 7926
083 262 6783

Ds Dorette Cilliers
(018) 297 7926
074 434 7093

Kerkkantoor
Tel (018) 294 8121
Faks (018) 294 3900
Webwerf http://www.ngkmiederpark.co.za
Epos kantoor@ngkmiederpark.co.za
Sendingkantoor sending@ngkmiederpark.co.za
Jeugkantoor jeug@ngkmiederpark.co.za

Wat gebeur DV die volgende week .....

Sondag	11 September	Erediens—Doop Sondagskool Gr 1-6 Tienderdiens Gr 7-11 Aanddiens	09:15 17:00 18:00
Maandag	12 September		
Dinsdag	13 September	FB Vergadering Malawi stuursel en ge-bedsbyeenkoms	17:30 18:00
Woensdag	14 September		
Donderdag	15 September	Vroue Bybelstudie	10:00
Vrydag	16 September		
Saterdag	17 September	Mannebiduur	07:00

Inhoudsopgawe:

Sending Gebedsversoeke	2
Gebedsbediening	3
Glinster Grys	4
Jeugbediening	4

‘Hoop is om die melodie van die toekoms te hoor; geloof is om op die maat daarvan te dans’

- RUBEN ALVES

Sending Gebedsversoeke

HOSPITAAL SENDING

Bid asb vir:

✦ Suzaan Meyer en haar groep wat vandag die boodskap by die hospitaal bring.

Vir die Hospitaalpersoneel vir die nodige krag en geduld.

ANGOLA SENDING (Freddie)

Freddie is baie bly oor die verblyfpermitte wat toegestaan is, maar is nou besorg oor die werkspermitte wat hul moet kry voor hul Angola kan ingaan.

Die vorige keer is dit afgekeur.

Kom ons vra vir Vader dat dit toegestaan sal word.

Dat Freddie vrede in sy hart sal ondervind en ervaar, die tyd wat hulle daar is.

MALAWIE SENDING (Pieter Loots)

Sê baie dankie vir julle gebede.

Dit gaan goed hier. Almal is weer gesond.

Bid asb vir:

✦ Isaa, wat op die oomblik op ander plekke lering gee.

✦ 'n Ander onderwyser om die skoolkinders na skool te help met hul skoolwerk.

✦ Ek is weer besig om die mense te help met Farming Gods way. Bid asb dat die Here se seën op die plant en groei en reën sal rus.

✦ Debbie, verpleegster van Amerika wat tans in SA is . Dankie dat sy hier kan kom rus vir 3 dae.

✦ Veilige rit om die mense Sondag na die oogdokters te neem.

Dat die trokkie se part vir die ratkas betyds sal kom.

Ons groet julle vanoggend uit Frankryk waar ons vir 'n verandering toegang tot internet het. Ons het 'n baie vol program en probeer soveel as moontlik van die land sien. Dit is 'n pragtige land, maar met 'n uiters tragiese geskiedenis - die Franse revolusie is maar net die oortjies van die seekoei in 'n baie komplekse opvolging van gebeure vanaf die Middeleeue, wat gevolg is in die Renaissance met sy ontwaking van kennis - waarin Calvyn 'n baie groter rol gespeel het as wat ek voorheen besef het. 'n Mens besef dit as jy die museum in sy geboortestad, Noyon, en die plekke in Parys waar hy studeer en tot bekering gekom het, besoek. Ons vertrek vandag na Clermond-Ferrand, waar ons sal inskakel by 'n plaaslike gemeente se aksie om die evangelie te versprei. Meer as 90% van die bevolking sstel gladnie belang in die kerk of Evangelie nie, maar dat daar tog 'n behoefte is - daar word tans gemiddeld elke tien dae iewers in Frankryk 'n evangeliese kerk geregistreer. Daar is dus groei. Hierdie nuwe kerkies se leiers het egter opleiding nodig, maar dis geen eevoudige taak om in hierdie groot land hierdie behoefte te probeer aanspreek nie. Ons kan dus die Here dank vir die groei van die Evangelie in moderne Frankryk, en vir die plaaslike Christene wat baie aktief is in hulle gemeentes. Bid ook vir hierdie land, en vir die seën van die Here op ons besoek. Vrede vir julle almal, Dawie en Naomi

Gebedsbediening

Lukas 13:24

Span al julle kragte in, om by die smal deur in te gaan.

Gebedsgeleenthede:

Dag van Gebed

12 September

Gebedsketting:

Vir enige gebedsversoeke stuur ‘n kort sms na 082 460 5272.

Moet asseblief nie die nommer skakel of ‘reply’ na die sms’e nie, as u ‘n gebedsversoek via die sms gebedsketting ontvang, moet u asseblief nie op die sms nr terug reageer om meer inligting te soek oor die spesifieke saak nie. Hierdie nommer word slegs gebruik om die versoeke te hanteer.

Gebedsversoeke:

Bettie du Plessis

Henry Jacobs en familie

Pattie Beukes

Mariëtte Stahmer

Ds Dorette

Gemeentebestuur

Paula Pretorius

Rina Brooks

Samantha Dippenaar

Susan Pienaar

Dylan Berry

By die sydeur en in die ingansportaal is ’n houtkassie gemerk ”**Gebedsversoeke”** As jy wil hê ons moet saam met jou bid oor ’n saak of dat ons by jou huis saam met jou moet kom bid, gooi jou versoek in die houer en dit sal opgevolg word. Sit net ’n kontaknommer by asb!

Kontakbesonderhede:

Skakel Lettie van Rensburg 083 959 0020 indien jy wil inskakel by een van die bogenoemde gebedsgeleenthede.

Huisgodsdiens

Die huisgodsdiensrooster is ‘n program wat opgestel is wat dit vir ‘n gesin moontlik maak om een keer per week vir ‘n halfuur saam rondom die Bybel te sit. Die program word per e-pos uitgestuur – as jy nie e-pos fasiliteite het nie, is dit na die diens in die ingangsportaal op die toonbank beskikbaar. As jy deel wil wees, kontak ds Cilliers.

GLINSTER GRYS (Senior Burger Bediening)

VIERINGS!

Veels geluk aan die volgende senior burgers wat in hierdie week hulle geboortedag herdenk:

13 September:

Lettie van Heerden

17 September:

Lina den Heijer

Hans Grobbelaar

Mag die Here u in die nuwe lewensjaar omhein met Sy Barmhartigheid, kroon met Sy Vrede en seën met Sy intieme Teenwoordigheid.

Hospitaal opnames

Wanneer lidmate van die gemeente opgeneem word in Potch Medi Kliniek, moet hulle asseblief by opname duidelik meld dat hulle lidmate van die NG Kerk Miederpark is. Dit maak dit vir die leraars makliker om hulle tydens die weeklikse hospitaalbesoeke (Dinsdae en Donderdae) op te spoor.

Enige iemand wat dalk kan help met blyplek vir lede van die koor van Hilton College in KZN vir Dinsdag 20 September, sms asb vir Annelie by 0834757306

Welkom in ons gemeente

Johannes Hendrik Jacobus, Juliana Marjorie Joan en Gert Schoeman vanaf NG Gemeente Potchefstroom Mooirivier.

JEUGBEDIENING

- Die kleuterkerk bedien 2 groepe: 3-4 jariges en 5-6 jariges. Elkeen van die groepe het ‘n eie lokaal. Ouers wat kinders in dié ouderdomsgroep het– bring julle kinders!
- Die bediening vir die graad 1-6 is tydens die oggenddiens. ’n Kinderdiens word vir die kinders gehou en daarna word in die graadgroepe verdeel.
- Die bediening vir graad 7-11 begin 17h00 met ‘n erediens in die saal. Daarna word in die groepe verdeel.